BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# KNEL GEDAGTES

# Deel 2 – Beginsels vir Vrede

## AFSKOP

**Wat het die naweek gedoen om te ontspan?**

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Vier jou familie Kersfees? Hoe vier julle Kersfees? Wat is van julle gunsteling dinge om te doen?**

**Wat dink jy van die stelling dat hoe jy jou finansies hanteer kommunikeer iets van jou geestelike volwassenheid? Verduidelik jou antwoord.**

**Dink jy vrygewigheid is 'n Christelike eienskap?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Spreuke 3:9-10. Wat dink jy beteken dit om die Here te vereer met jou finansies? Hoe lyk dit prakties?**

**Spreuke 30:7-9. Wat dink jy van hierdie gebed? Dink jy dit waarteen die persoon wil waak, gebeur nog in ons wêreld?**

**Hebreërs 13:5-6. Watter belofte maak God in hierdie gedeelte? Hoekom dink jy is hierdie belofte gekoppel aan finansies? Hoekom moet ons onsself herinner aan hierdie beloftes wanneer ons stres oor finansies?**

**2 Korintiërs 8:21. Hoe dink jy kan ons onsself herinner dat God dophou wat ons doen in en met ons finansies? Hoekom dink jy is dit belangrik?**

**Psalm 85:9. Hoekom sukkel ons om God se beginsels oor finansies getrou na te volg? Hoe kan ons dit verander?**

**In die preek is 6 dinge genoem wat ons moet doen binne ons finansies om te voldoen aan sekere beginsels: *1) Eer God; 2) Geniet wat jy het; 3) Spaar vir die toekoms; 4) Seën ander mense; 5) Bestuur jou finansies reg; en 6) Vra God om te voorsien.* Watter van hierdie beginsels het aandag in jou lewe nodig? Hoe kan jy dit verbeter? Watter stap kan jy hierdie week al daarin neem?**

**Lees 2 Tessalonisense 3:16. Hoe kan jy bid vir vrede wanneer dit kom by stres in jou finansies? Hoe kan jy dit in jou lewe kweek?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**